Standaarde van voortreflikheid ten opsigte van die Bosvelderskaap Suid-Afrika

Inleiding

Die Bosvelder skaap is ‘n komposiete ras wat bestaan uit Pedi, Dorper en van Rooy skape. Die ideale samestelling bestaan uit 50% Pedi, 25% Dorper en 25% van Rooy skape. (slegs riglyn) Die belangrikste komponent bly steeds Pedi weens sy natuurlike bestandheid teen hartwater en hoë toleransie teen inwendige parasiete. Dit is van kardinale belang dat ‘n keurder die Pedi gene kan eien wanneer ‘n Bosvelder gekeur word. Die dier moet funksioneel korrek wees.

Gebalanseerd, beweeglik en met voldoende lente en breedte van lyf. Sterk bene sonder strukturele foute. Die dier moet dus suksesvol aangepas wees, met hoë vrugbaarheid asook uitstaande produksie potensiaal. Teenstrydig met die verlede waar die dier grootliks oorlewings gedrewe was (inheemse skape). Telers is huidiglik besig om die oorlewings eienskappe van ons inheemse skape te behou maar ook om die produksie gedrewendheid van die Bosvelderskaap na te streef. Die Bosvelder behou die vroeë geslags gereedheid van die Pedi skaap met vroeë bemarkingsgereedheid van die Dorper skaap. Uitstekende geslagsegtheid. Die van Rooy skaap se bydrae is lang lewendheid, melk produksie en haar kwaliteit. Van Rooy verbeter ook die lyflengte van die bosvelder.

Manlike diere moet sterk, robust en vrugbaar wees. Ramme is swaarder in hulle voorkwarte as ooie, ‘n ram se haarbedekking is growwer en dui op manlikheid.
Geen konstrukturele foute of te wel “prulfoute” sal toe gelaat word nie. Vroulike diere is in alle opsigte fyner as die ram. Bespiering moet steeds goed en gebalenseerd by die ooi wees. Vroulikheid, vrugbaarheid en produktiwiteit is die hoekstene van suksesvolle teling.
Bosvelder skape is natuurlik poenskop (geen horings)

Bouvorm

1. Kop

a. ***Ramme*** **-** Relatief kort en breed tussen oë. ‘n Manlike dier se oogbanke moet sterk en gespierd wees. Geen “langgesig” ramme word toegelaat nie. Plooie op die ram se neus is ‘n teken van manlikheid. Ramme moet ‘n efense “Roman nose” hê wat ook bydra tot die ram se manlike kop. Die bek van ‘n ram moet sterk en breed wees. ‘n Bosvelder ram moet korrek byt op sy tande. ‘n Ram wat wat verkeerd byt is ‘n pulfout. Bekende bekfoute is “overbite” of “under bite”, mens kan daarvoor kyk deur om die dier se lippe weg te trek en te kyk dat die dier se bokaak en onderkaak direk op mekaar rus. ‘n Sterk breë bek en neusbeen is dus noodsaklik. Voldoende breedte tussen oë is baie belangrik. Oë is bruin en helder met prominente oogbanke. Die ore is gemiddelde lengte.

b. ***Ooie*** – Soos wat die kop in die geval van die ramme beskryf is, is die eienskappe by ‘n ooi dieselfde. Geen konstrukturele foute by ‘n ooi se kop word toegelaat nie, maar ‘n ooi se kop is uit die staanspoor fyner en vrouliker. Die kop van ‘n ooi het ook breedte tussen die oë.

‘n Ooi se bek moet ook in verhouding redelik breed en sterk wees. Dit is ‘n teken van lewenskragtigheid, en verseker dat die Bosvelder nie ‘n selektiewe vreter is nie. (In teenstelling met die Pedi skape wat wel selektiewe vreters is.)

2. <u>Nek en voorkwart</u>

a. ***Ramme*** **–** Die nek van ‘n ram is ‘n gemaklike sterk nek wat manlik vertoon. ‘n Manlike nek is gewoonlik pertinent met goeie nekbespiering wat dit vir die dier gemaklik maak om te beweeg. ‘n Bosvelder ram se nek is dus goedgespierd maar steeds beweeglik. Die nek van ‘n ram moet die kop goed kan draai, maar nie uitsonderlik lank of kort wees nie.

Die aanhegting van ‘n goedgevleesde nek wat direk en sterk aansluit by die voorlyf. Die skouer moet stewig gesluit, goed gevlees en sterk wees, met vooraansig moet die bors breed wees. Die borsbeen moet dus breed wees met ‘n diep breë sterk aansluiting by die skouers. Strukturele foute by die nek sluit swak aanhegting by die skouer in. Hierdie fout sluit ‘n u-vormige nekaanhegting in. Dit is die beste sigbaar met die sy-aansig van die dier. Die toplyn van so ‘n dier maak ‘n ligte kurwe na onder van die skouer na die nek vanwaar die u-vormige aansluiting van skouer tot nek.

Mens kan ‘n direkte korelasie tussen ‘n u-vormige nekaansluiting en swak konstetusie vind. Die blad moet in verhouding goed gevlees wees en goed by skof aansluit. Die skof moet breed en vol wees. ‘n Skerp skof is uiters ongewens.

b. ***Ooie*** **–** vroulike diere het slanker, vrouliker nekke as wat ramme het. B.g. foute by ooie se nekke is verder die selfde as by die ramme. Kortliks word die prulfoute by die voorkwart opgesom onder :

- ‘n lang dun nek.
- ‘n te kort nek.
- te los skouers.
- U-vormige nekaansluiting.

Dus is goeie spier en ligament aanhegting van die skouer tot die bors, kambene en nek baie belangrik. Skouer knoppe moet wyd uit mekaar, maar nie oorprominent wees nie. Selekteer teen skerp skouers en stygende kambeen. Skouerknoppe moet goed gerond wees sonder onnatuurlike skerpheid of losheid.

3. Middelstuk

a. ***Ramme –*** ‘n Lang, diep, breë romp is die ideal. Die ribbes moet goed gevlees en die lende goed gevul wees. Die ram moet ‘n sterk breë rug hê en nie styg na die kambeen nie. Bosvelder ramme mag nie knyp agter die blaaie nie. Lyflengte en ribsprong bepaal kapasiteit van die dier.

   Positiewe Eienskappe:

   - Sterk voorarm by ramme met sterk rug.
   - Genoegsame wydte in borsvloer.

   Prulfoute:

   - Te hol rug
   - Platsydigheid.
   - Silindries.
   - Gegordheid (devils grip).

   ‘n Ram wig swaarder na die voorlyf en het lang, breë diep ribbekas met goeie kapasiteit. Die lende is dus gelyk met rug en kruis.

b. ***Ooie –*** eienskappe moet die selfde wees by ooie as by ramme, behalwe dat ramme meer robust en growwer is as die ooie. Die ooi wig anders as ‘n ram. ‘n Ooi is swaarder na die agterlyf en ligter na die voorlyf of te wel middelstuk, met gladde bespiering. Prulfoute is die selfde as by die ramme.

4. Agterlyf

a. ***Manlik –*** Die kruis moet breed en lank wees. Die Bosvelder se kruis moet nie te veel hang nie, maar moet ook nie te plat wees nie.
   Positiewe punte:

   - Goed gevleesde boude.
   - Goed gevormde buite en binne dye (is kardinaal.)
   - Die kruis moet dus lank gespierd wees en effins val vanaf die heupbene na die sit bene. ‘n Dakkige kruis is ongewens.
   - Heupe moet breed wees en die draaibene is effens laer as die heupbene.
   - Breedte tussen sitbene is belangrik.

b. ***Vroulik –*** ‘n Ooi het gladder bespiering as ‘n ram en is fyner en vrouliker. Prulfoute opgesom:

   - ‘n Kruis wat te veel hang.
   - ‘n te plat kruis.
   - ‘n te kort kruis.

5. Stert

‘n Bosvelder het ‘n vet, maar nie te swaar stert. ‘n Dun Kinkelpunt wat nie verby die hak hang nie. Die stert mag nie breër as die buitedye wees nie. ‘n Baie lang stert met ‘n dik punt dui aan op “vreemde bloed” in die dier. Tesame met die lang gesig is die lang stert ‘n aanduiding dat die dier se Pedi gene te min is.

6. Bene.

- ***Bene*** moet goed geplaas wees, diere moet sterk kote en pote ook hê. Bene mag nie vlesig of geswel wees by gewrigte nie. Agter bene van ‘n sy -aansig gesien mag nie tekens van sekel – of regophake toon nie.
- Kootgewrigte asook kloue is sterk en veerkragtig. Kootgewrigte moet supel en sterk wees. Diere moet nie slap kootgewrigte of stywe kort gewrigte hê nie. Diere moet met ‘n gemaklike vrye gang kan stap.
  Prulfoute:

  - X- benig (of bak voor-bene)
  - Koei-of sekel hakke
  - Hoewe wat uit of indraai.
  - Bene wat uitswaai as die dier loop.
  - Kootgewrigte wat deurtrap.
  - Diere wat te kort kote het (regop kote).

7. Vel en haarbedekking.

Soepel vel wat nie te styf trek nie. Voldoende pigment om oë en bek help dat die dier nie velkanker kry nie. Kort, glade hare is mooi maar effens growwer haar met ligte wolbedekking op rug is tipies by die Bosvelder. ‘n Beperkte hoeveelheid dons veral by jonger diere is nie vreemd nie. Kleur is ‘n redelik wye spektrum en persoonlike voor – of afkeure van telers mag kleur redelik beinvloed.

8. Geslags organe

a. ***Ram –*** twee matig groot, goedgevormde, ewe groot teelballe wat in een sak is. Dit moet gesonde ferm balle wees. Die sak mag nie meer as 5cm gesplit wees nie. ‘n Effense skede word toegelaat omdat die vetstert skape ‘n ram nodig het wat dekbehendig is. ‘n Effense skede vergemaklik dan die dekaksie. Prulpunte by die ‘n ram is ‘n prolaps, asook klipharde balle met onvrugbare semen in.

b. ***Ooie*** **-** Die vulva en die uier is ‘n aanduiding op vroulikheid en vrugbaarheid van ‘n ooi. ‘n Ooi met ‘n baie klein vulva en met geen beduidenis van ‘n uier is ongewens. ‘n Uier moet wydte, diepte en volume toon sodat die ooi genoeg

melk gaan hê. Uier moet ferm aan lyf vas wees en nie sakvormig wees nie. Kwarte is ewe groot. Teelooie moet beslis baie melk hê, as sy ‘n sterk lam gaan speen.

9. Prulfoute (opsomming)

- *Swak temperament.*
- *Te veel wol met haarbedekking.*
- *Diere wat poonagtig is met te fyn been.*
- *Uitgroei kloue ten spyte van tipe weiding.*
- *Vroulike diere wat ‘n diep voorkwart en ‘n ligte agterkwart het.*
- *Slap lende.*
- *Swak ribsprong.*
- *Oordrewe hang kruis.*
- *Ontbreking in pigment by oë en bek.*
- *Skewe neus of bek.*
- *Kort of lang onderkaak.*
- *Enige teken van sub-feriliteit.*
- *Slordige skede, te klein teelballe by ramme.*
- *Lang, small gesig en lang-dikpunt sterte.*

Bespreking – konstitusie.

Kontitusie is ‘n inherinte erflike komponent wat ‘n dier in staat stel om onder verskillende optimum omgewings toestande met minimum kompensasie te kan presteer. Dit sluit produksie asook reproduksie in. Konstitusie by skape sluit gesondheid, energie en lewinskragtigheid in. ‘n Geharde dier sal goeie konstitisie hê. Konstitusie dui op die dier se vermoë om onder veranderlike omstandighede steeds goeie kondisie te handhaaf , wat dan die funksionaliteit en produksie van so ‘n dier bepaal.

Langlewendheid word deur konstitisie beinvloed. Goeie ribsprong hou verband met die kapasiteit van die dier, dit beinvloed die dier se konstitusie.
Konstitusie dui op ‘n dier se vermoë om goeie kondisie te behou met wisseling van seisoene. Hierdie eienskappe dra by tot die dier se aanpasbaarheid en funksionaliteit.